Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-05-31

Liewe Ouers

TOELATINGS 2025

Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Huidige graad RR-kleuters se aanlyn-aansoeke vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"

Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Ons het slegs 'n beperkte voorraad bestel en daar sal slegs van die volgende groottes beskikbaar wees:
4-5 jariges
5-6 jariges en
7-8 jariges
Die fleecy tops is beskikbaar en kan nou aangekoop word. Stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

KINDERKINETIKA

Ons kleuters moet asb **tekkies of toe skoene** aantrek op die dae wat hul Kinderkinetika het. Graad RR-kleuters het op Maandae kinderkinetika en graad R-kleuters op Woensdae. Die gras is soggens nat en dan gly die kleuters as hul oefeninge moet doen.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **BOME en HOUT**
Ons persepsies gaan wees: Getal: **Hersiening**
Klank: **Hersiening**

Maandag	3 Junie:	Ons maak bome van verskillende seisoene
Dinsdag	4 Junie:	Bak-en Brou: Boom-koekie met bloeisels
Woensdag	5 Junie:	Werk aan ons Vadersdag-verrassing
Donderdag	6 Junie:	Produkte van hout
Vrydag	7 Junie:	Skoolhempie- en lekkertjiedag
Saterdag	8 Junie:	***Juf. Vernanda (Miertjieklas) verjaar. Baie geluk!***

GRAAD RR-INLIGTING:

PAJAMADAG: VRYDAG 7 JUNIE

Om by ons tema van *Dag en Nag* aan te sluit, hou ons Vrydag 7 Junie ‘n pajamadag. Kleuters kom met hul (warm) nagklere en hul gunsteling teddie skool toe.

Ons tema vir volgende week is: **DAG en NAG**

Ons persepsies is:

Kleur:	**Wit**
Vorm:	**Hersiening**
Getal:	**9**
Klank:	**t-klankie**

Maandag	3 Junie:	Ons maak ‘n dag en nag prentjie
Dinsdag	4 Junie:	Ons maak ‘n maan
Woensdag	5 Junie:	Vryteken: My gunsteling deel van die dag
Donderdag	6 Junie:	Ons kleur ‘n prentjie in
Vrydag	7 Junie:	***Pajamadag: Bring jou gunsteling teddie***
Saterdag	8 Junie:	***Juf. Vernanda (Miertjieklas) verjaar. Baie geluk!***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel